Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 03 • MAY / JUNE 2021



**MARKMONITOR: DIE EERSTE DRIE MAANDE VAN 2021 OP VARSPRODUKTEMARKTE**

**POTATO TUBER MOTH INSECTICIDES, MODES OF ACTION, AND SENSIBLE USE**

Mechanisation training for Limpopo producers

PSA's roll-out of its mass media campaign

Limpopo-kultivarproef onder besproeiing: Dendron

# Hoop is nié net 'n gerug nie



*Deur Willie Jacobs, HUB van Aartappels SA*

*Goeie dag aan ons aartappelfamilie. Aartappels SA (ASA) het onlangs die #WhenHopeWhispers-veldtog geloods met die doel om die publiek en samelewing as geheel in te lig waaroor landbou, en veral aartappelproduksie, werklik gaan. Ons wil verbruikers daarvan bewus maak dat aartappels nie hul ontstaan op die supermark se rak het nie, en beslis ook nie van die mark af kom nie.*

Dit is belangrik dat die verbruiker verstaan dat daar 'n groep mense is wie hulle hart en siel daarin belê het om ons land van kos te voorsien. Hierdie mense is ons produsente, en nie alleen is hulle doel om werklik te sorg vir kos nie – dit is ook hulle wat ons landelike gemeenskappe aan die gang hou.

## Wedersydse begrip

Die veldtog het ook 'n ander doel, en dit is om by ons produsente 'n beter begrip te ontwikkel van die werklike stryd waarin ons kleinhandelkopers hulle bevind. Die aartappel volg 'n lang roete vanaf die boer se plaas tot by die kassiekoswinkels in ons *townships*. Ons informele sektor dien beslis een van ons grootste markte in Suid-Afrika en het 'n beduidende invloed op die aartappelprys. Hulle is dan ook 'n baie belangrike komponent van die #WhenHopeWhispers-veldtog en dit is nodig dat daar begrip is vir die feit dat soveel van hierdie mense, veral met die aanvang van die inperkingstyd, hul toegang tot kos ontneem was.

Die goeie nuus is dat daar verseker plek is vir nuwe toetreders tot die aartappelmark en ASA is daar om hierdie toetreders met raad en daad by te staan. Aartappelproduksie is 'n komplekse besigheid want dit is 'n gekompliseerde gewas. Ek wil my egter verstout om te sê dat aartappelproduksie dikwels dalk meer 'n emosionele uitdaging as 'n klimaatsuitdaging in die gesig staar.

Aartappelproduksie vereis 'n baie groot kapitale inset en indien jy graag tafelaartappels wil produseer, is 'n plaas nie al wat jy moet hê nie. Heelwat kapitaal en insette is nodig om pakstore en ander belangrike fasiliteite van die grond af te kry. Maar daar is geleenthede wat geskep kan word om die bal aan die rol te kry, en fasiliteerders wat kan help om die groot koste en impak van die produksieproses ietwat te versag. By ASA het ons al die tegniese kennis wat nodig is om 'n beginner-produsent te ondersteun.

Teenoor ons bestaande aartappelprodusente spreek ons graag ons opregte waardering uit. By ASA sien en verstaan ons die moeilike omstandighede waaronder julle soms moet aanhou produseer en ons verseker julle – dit gaan nie ongesiens verby nie. Suid-Afrika het julle nodig en van ASA se kant sal ons voortgaan om te help en te fasiliteer, soos en waar nodig. Ons kan jou inderdaad bystaan met die ekonomie van jou besigheid en kan help om die vraag na 'n goeie produk te fasiliteer. Byt vas, hou vol – die mark is reg vir julle.

## Positiewe invloede

Saam met die #WhenHopeWhispers-veldtog fokus ons baie pertinent op een van die grootste faktore wat die markprys van aartappels beïnvloed, naamlik die kommunikasielyn tussen wat in die produksie-omgewing gebeur, teenoor dit wat die mark nodig het. Na my mening is meer interaksie nodig en moet daar beter begrip wees vir die seisoenale aard van die bedryf en hoe dit werk. Dis belangrik dat ons weet wanneer tekorte verwag kan word en dat ons maniere kry om prysstabiliteit vir beide die verbruiker en die produsent in die hand te werk. Nie alleen sal dit die ekonomie van die bedryf verbeter nie – dit sal ook die verbruiker se sak positief beïnvloed.

Ons sal in hieropvolgende uitgawes van *CHIPS* verder gesels oor die insetkoste-ontleding waarna ek in die vorige uitgawe verwys het. En onthou: ons stap met oorgawe die pad saam. C